
# 68 Die Heilands voorhoof nou




Die Heilands voorhoof heerlik nou met glorieglans omtroon,
sy lippe spreek van ewig trou; en op sy hoof ‘n kroon.

Nooit was Hy soos ‘n sterweling, sy skoonheid bly voorwaar,
selfs onder reine engelkring; steeds ongeëwenaar.

Hy sien my aan, so diep gedaal, tog sal Hy my verdra,
sy dood het my daar uitgehaal; my smart het Hy gedra.

My lewe, alles skuld ek Hom, ja, Hy’s my vreugde hier;
selfs as die dood ook eendag kom; laat Hy my seëvier.

Wyl ek van u genade, Heer, soveel bewyse kry,
al leef ek duisend lewens weer; sal ek hul aan U wy.

Thomas Kelly (1769-1854) H. Wilson (1766-1824)